
LANDBOUWEEKBLAD
20 Dec 2013, p.36



**BOEDELBEPLANNING**

NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

# Dink oor dié risiko in feestyd

Moenie dat die feestelikhede dié vakansie jou boedelplan verydel en jou naasbestaandes in finansiële ellende laat nie. Dit kan makliker gebeur as wat jy dink.

Ek weet die meeste lesers sal die een of ander tyd oor die "groot dae" 'n glasie klink. Of dalk twee of drie. En dan in hul kar klim en huis toe ry. Dit is daardie tyd van die jaar.

Nee, hierdie is nie 'n waarskuwing dat jy die wet oortree het en dat jy dalk beboet kan word nie. Hierdie is 'n waarskuwing dat jy dalk jou lewensversekering kwyt kan wees as jy in 'n motorongeluk sterf of ongeskik raak.

Baie versekeraars beskerm hulself in die fynskrif van die poliskontrak teen dood weens "onwettige optrede" of selfs spesifiek die gebruik van alkohol. Jy hoef nie dronk te wees nie. As jy oor die wetlike perk is, kan hulle weier om jou polis uit te betaal. Wat is die wetlike perk? Vir die meeste mense so twee glasies wyn.

Ek sê nie in alle gevalle gaan dit toegepas word nie, maar die vraag wat ek vra, is hoekom sal dit in 'n kontrak staan as dit nie die bedoeling is om dit af te dwing nie? Jou naasbestaandes sal seker die reg hê om hulle op die Ombudsman vir Lewensversekering te beroep en hy kan op dié meriete 'n beslissing maak. Wil jy dit regtig waag?

Dit gaan om meer as die aantal drankies en motor bestuur. Daar is 'n menigte "onwettighede" wat as rede kan dien waarom jou polis nie sal uitbetaal nie. Gaan lees gerus jou poliskontrak.

Ek stel voor dat jy ook daaroor met jou makelaar of raadgewer gesels. En moenie glo as hy of sy sê jy moet jou nie bekommer nie, XYZ sal uitbetaal. Dis 'n kontrak, die makelaar of raadgewer het geen invloed daaroor nie. Ek wil nie versekeraars uitsonder nie, daarom moet jy maar gaan gesels met wie ook al na jou versekering omsien.

> Jy wil hê die versekeraar moet jóú risiko dra, nie jy syne nie.

Daar is, sover ek kon vasstel, net twee maatskappye wat jou sal dek as jy effens gekoring is. En ek bepleit nie dat jy versekering koop op grond van die uitbetaling as jy dalk te diep in die feesbottel geloer het nie.

Jy koop versekering vir gemoedsrus. Jy wil wéét daar gaan 'n geld beskikbaar wees as jy dalk nie 2014 gaan sien nie. Jy wil nie oor die polis wonder nie.

## ALGEMENE RIGLYNE

En hier is my algemene riglyne. Die polisse wat jy die maklikste kry, met ander woorde met die minste mediese vereistes, is dié wat die meeste vrae en verskonings het wanneer dit die dag moet uitbetaal. Jy wil hê die versekeraar moet jóú risiko dra, nie jy syne nie.

En dan, daardie polisse wat op grond van 'n spul foefies aan jou afgesmeer word, dink gerus twee keer. Daar is 'n rede waarom jou polisvoordele in byvoordele toegedraai word. Dit is omdat die polisvoordele op sigself nie so waffers is nie.

Hierdie is nie 'n lekker onderwerp nie, maar so seker as wat ek hier skryf, is daar lesers wat 2014 nie gaan sien nie. Maak seker dat as dit jou tyd is, jy nie jou gesin in finansiële ellende agterlaat omdat jy versuim het om genoeg dekking en die regte dekking te kry nie.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* **LBW**

**KORTOM**

- Indien 'n versekerde oor die wettige alkoholperk is en 'n motorongeluk maak, kan versekeraars weier om 'n polis uit te betaal.
- Daar is net twee versekeraars wat wel uitbetaal as jy effens gekoring is.
- Wees op hoogte van jou polisvoordele.